# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | EKONOMIE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 24 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSI-MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A: VERPLIGTEND

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

## 1.1 MEERVOUDIGE KEUSE VRAE

1.1.1 B ✓✓ inspuitings
1.1.2 D ✓✓ Phillips
1.1.3 A ✓✓ reserwebates
1.1.4 B ✓✓ die Rand verswak teenoor die $
1.1.5 C ✓✓ ekonomiese unie
1.1.6 A ✓✓ die Menslike Ontwikkelingsindeks
1.1.7 D ✓✓ Coega
1.1.8 C ✓✓ per capita inkomste (8x2) **(16)**

## 1.2 PAS ITEMS

1.2.1 G ✓ Wanneer lekkasies meer as inspuitings is.
1.2.2 H ✓ Word verkry wanneer die gevolge van onreëlmatige gebeure en seisoene uit tydreeksdata verwyder word.
1.2.3 D ✓ Koop en verkoop van staatseffekte in die ope mark.
1.2.4 E ✓ Een land kan goedere en dienste goedkoper produseer as 'n ander.
1.2.5 J ✓ Die afskaffing van regeringsinmenging in internasionale handel.
1.2.6 B ✓ Die koers waarteen kommersiële banke die Reserwebank betaal wanneer hulle geld leen.
1.2.7 C ✓ Uitbreiding van produksie in waardetoegevoegde sektore met die fokus op metaalvervaardiging en groen en energiebesparende nywerhede.
1.2.8 A ✓ Ook bekend as die arbeidsmag. (8x1) **(8)**

## 1.3 GEE EEN WOORD/TERM

1.3.1 Huishouding ✓
1.3.2 Eksogene/monetaristiese siening ✓
1.3.3 Nasionale Begroting/Hoofbegroting/Jaarlikse Begroting ✓
1.3.4 Korridor ✓
1.3.5 Globalisering ✓
1.3.6 Afrika-Unie ✓ (6x1) **(6)**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige **TWEE** van die drie vrae uit hierdie afdeling in die **ANTWOORDBOEK**.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

**2.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**2.1.1 Noem enige TWEE monetêre beleidsinstrumente.**

- Rentekoerse ✓
- Oopmarktransaksies ✓
- Kontantreserwevereiste ✓
- Morele oorreding ✓
- Wisselkoersbeleid ✓ (Enige 2x1) (2)

**2.1.2 Hoe kan die appresiasie van die rand die uitvoer van goedere en dienste beïnvloed?**

Daar sal ’n afname in uitvoere wees omdat plaaslike goedere en dienste duurder word vir die buiteland. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**(4)**

**2.2 DATA RESPONSE**

**2.2.1 Identifiseer die provinsie wat die minste tot die nasionale BBP bygedra het.**

Noord-Kaap ✓ (1)

**2.2.2 Noem die instansie wat verantwoordelik is vir die publikasie van die inligting in die uittreksel hierbo.**

Statistiek Suid-Afrika ✓ /StatsSA ✓ (1)

**2.2.3 Beskryf kortliks die term *Reële Bruto Binnelandse Produk.***

Reële BBP is die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat in ’n land gedurende ’n spesifieke tydperk geproduseer word, ✓ aangepas vir inflasie. ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**2.2.4 Verduidelik die belangrikheid van BBP as ’n ekonomiese konsep.**

- Dui die ekonomiese aktiwiteit binne ’n land aan. ✓✓
- Meet ekonomiese groei van een jaar na die volgende. ✓✓
- Bepaal die lewenstandaard in ’n land. ✓✓
- Vergelyk welvaartvlakke tussen lande. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x2) (2)

**2.2.5 Vergelyk die verskil tussen die *Produksiemetode* en *Inkomste-metodes* wat gebruik word om BBP te bereken.**

Produksiemetode/BBP(P)

- BBP (P) word afgelei deur alle finale waardes van alle goedere en dienste, bereken as bruto toegevoegde waarde, in elke stadium van produksie bymekaar te tel. ✓✓

Inkomstemetode/BBP (I)

- BBP (I) word afgelei deur alle inkomste wat deur die huishouding verdien word as vergoeding vir die produksiefaktore bymekaar te tel. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x2) (4)

**(10)**

## 2.3 DATA RESPONSE

**2.3.1 Identifiseer die basisjaar wat in die tabel hierbo gebruik word.**

2015 ✓ (1)

**2.3.2 Noem die verandering wat plaasgevind het in uitvoerpryse tussen 2015 en 2020.**

Die uitvoerpryse het gestyg. ✓ (1)

**2.3.3 Beskryf kortliks die term *devaluasie van 'n geldeenheid.***

Devaluasie van 'n geldeenheid verwys na 'n doelbewuste vermindering in die waarde van 'n land se geldeenheid relatief tot ander, tipies deur sy regering of sentrale bank. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**2.3.4 Verduidelik die effek op die ekonomie wanneer daar 'n afname in 'n land se ruilvoet is.**

- 'n Afname dui aan dat 'n land armer is aangesien groter volumes uitvoer geproduseer moet word om dieselfde waarde van invoer te bekostig. ✓✓
- 'n Afname in die ruilvoet sal uitvoerinkomste laat daal en 'n verswakking in die nasionale inkomste veroorsaak. ✓✓
- Die afname kan veroorsaak dat die uitvoerbedryf vertraag word, wat lei tot laer produksie, 'n afname in winste en 'n afname in ekonomiese groei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x2) (2)

**2.3.5 Bereken die ruilvoet vir A. Toon ALLE berekeninge.**

(Uitvoerpryse ÷ Invoerpryse) x 100/1 ✓
= (120 ÷ 105) x 100/1 ✓
= 114, 3 ✓✓ (2x2) (4)

**(10)**

**2.4 Onderskei tussen *geld vloei* en *reële vloei* in die ekonomiese kringloopmodel.**

**Geldvloei**

- Faktorvergoeding verteenwoordig die uitgawes van produsente. ✓✓
- Geldvloei sluit ook die inkomste van huishoudings in ✓✓
  – bv. lone, huur, rente en wins. ✓
- Verbruiksbesteding verteenwoordig die uitgawes van huishoudings en die inkomste van produsente. ✓✓
- Betalings aan die regering en buitelandse sektor. ✓✓
- Invoerbetalings (uitgawes) en uitvoerverdienste (inkomste). ✓✓ (2x2) (4)

**Reële vloei**

- Produksiefaktore vloei van die eienaars (huishoudings) na produsente (en die regering) via die faktormarkte. ✓✓
- Goedere en dienste vloei van die produsente via die goederemarkte na huishoudings (en die regering) en ander gebruikers van goedere en dienste. ✓✓
- Produksiefaktore en goedere en dienste vloei van die buiteland na Suid-Afrika (invoere). ✓✓
- Produksiefaktore sowel as goedere en dienste vloei van Suid-Afrika na die buiteland (uitvoere). ✓✓ (2x2) (4)

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite of voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x4) **(8)**

**2.5 Ontleed die gebruik van leidende aanwysers in die voorspelling van ekonomiese aktiwiteite.**

- Leidende aanwysers is bedoel om voor die breër ekonomie te verander, wat hulle noodsaaklik maak vir die voorspelling van ekonomiese tendense. ✓✓
- Verskaf inligting oor potensiële toekomstige toestande, wat ekonome help om die rigting waarin die ekonomie op pad is, te identifiseer. ✓✓
- Beleggers kan leidende aanwysers gebruik om hul strategieë aan te pas gebaseer op voorspelde marktoestande. ✓✓
- Die identifisering van tendense kan beleggers help om hul potensiaal om wins te maksimeer en verliese te minimaliseer. ✓✓
- Maatskappye kan leidende aanwysers gebruik om veranderinge in die vraag te voorspel en voor te berei vir verskillende ekonomiese scenario's wat help om hulpbronne optimaal toe te ken. ✓✓
- Maatskappye kan die aanwysers gebruik om effektief op ekonomiese veranderinge te reageer. ✓✓
- Leidende aanwysers stel deelnemers in staat om ingeligte ekonomiese besluite te neem gebaseer op voorspelde veranderinge in die ekonomie ✓✓

(Ken ’n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite of voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 4x2) **(8)**

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

**3.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**3.1.1 Noem TWEE invoervervangingsmetodes.**

- Tariewe ✓
- Kwotas ✓
- Subsidies ✓
- Valutabeheer ✓
- Fisiese beheerstandaarde ✓
- Handel afleidings ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2x1) (2)

**3.1.2 Hoe word ontwikkelende lande deur globalisering uitgedaag?**

- Uitbuiting van hulpbronne, aangesien ontwikkelende lande ryk is aan natuurlike hulpbronne wat nie so duur is nie en maklik deur ontwikkelde lande bekostig kan word. ✓
- Onbillike mededinging in globale markte as gevolg daarvan dat ontwikkelende lande nie met ontwikkelde lande kan meeding nie. ✓
- Die aanvraag na ongeskoolde arbeid neem af omdat ontwikkelde lande meer gevorderd raak en nie soveel fisiese arbeid of ongeskoolde arbeid nodig het nie. ✓
- Die armes word armer as gevolg van ontwikkelde lande wat die kwesbare arbeid in ontwikkelende lande uitbuit. ✓
- Verlies aan nasionale identiteit as gevolg van ekonomieë wat geïntegreerd raak en burgers wat geneig is om te migreer en immigreer vir toegang tot beter geleenthede. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x2) (2)

**(4)**

**3.2 DATA RESPONSE**

**3.2.1 Identifiseer die grootste staalprodusent in Afrika.**

ArcelorMittal Suid-Afrika. ✓ (1)

**3.2.2 Noem EEN rede vir die afname in die langstaalbedryf in die uittreksel.**

- Die maatskappy het die huidige lae markvraag en nasionale beperkings uitgewys. ✓
- Uiters groot uitdagings in beide logistiek en energievoorsiening in die land. ✓
- Staalverwante beleidsbesluite wat 'n onmededingende en ongelyke speelveld vir die maatskappy teenoor sy plaaslike mededingers skep. ✓

(Enige 1x1) (1)

**3.2.3 Beskryf kortliks die term *industriële ontwikkeling.***

Beleide wat gemik is op die aanmoediging van industriële belegging en groter industriële doeltreffendheid. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**3.2.4 Verduidelik EEN doelwit van die Ruimtelike Ontwikkelings-inisiatief (ROI) wat kan help om die uitdagings van die AMSA staalbesigheid aan te spreek.**

- ROI's kan die ontwikkeling van meer betroubare energie-infrastruktuur ondersteun, wat help om kragvoorsieningsuitdagings aan te spreek. ✓✓
- ROI's kan 'n meer mededingende en ondersteunende sake-omgewing vir die staalbedryf skep. ✓✓
- Die hoofdoelwit van 'n Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI) is om ekonomiese groei te bevorder deur infrastruktuur te ontwikkel en beleggings in streke met onbenutte potensiaal te lok. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x2) (2)

**3.2.5 Bespreek positiewe argumente vir die ontwikkeling van nuwe nywerhede in Suid-Afrika.**

<u>Die ontwikkeling van nuwe nywerhede in SA is belangrik omdat dit:</u>

- Suid-Afrikaanse nywerhede blootstel aan die wêreldekonomie, handel en die verkryging van kennis. ✓✓
- Die ontwikkeling van nuwe nywerhede bevorder ekonomiese diversifikasie, werkskepping, innovasie en belegging, wat alles help om makro-ekonomiese stabiliteit te handhaaf. ✓✓
- Vestig grootskaalse vervaardiging, landbou, mynbou, dienste en produksie. ✓✓
- Dit lei tot 'n meer gediversifiseerde ekonomie wat beter geleenthede en keuses vir verbruikers bied. ✓✓
- Verbeter binnelandse vervaardigingskapasiteit om uitvoere te verhoog. ✓✓
- Skep werksgeleenthede vir plaaslike inwoners. ✓✓
- Verskaf en handhaaf gepaste aansporings om beleggers te lok. ✓✓
- Dra by tot die industriële ontwikkeling van die Afrika-kontinent. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2x2) (4)

**(10)**

## 3.3 DATA RESPONSE

**3.3.1 Identifiseer die aantal mense wat voordeel trek uit die AfCFTA.**

1.26 miljard mense ✓ (1)

**3.2.2 Noem enige ander vryhandelsgebied in die wêreld.**

- Die Noord-Amerikaanse Vryhandelsooreenkoms (NAFTA) ✓
- Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) ✓
- Europese Vryhandelsassosiasie (EFTA) ✓
- Suid-Asiatiese Vryhandelsgebied (SAFTA) ✓
- Vereniging van Suidoos-Asiatiese Nasies (ASEAN) ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x1) (1)

**3.3.3 Beskryf kortliks die term *vryhandelsgebied.***

'n Vryhandelsgebied is waar beperkings soos tariewe en kwotas verwyder is. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**3.3.4 Verduidelik die rol van die Wêreldhandelsorganisasie in internasionale handel.**

- Hou toesig oor die implementering en administrasie van handelsooreenkomste. ✓✓
- Tree op as 'n forum vir multilaterale handelsonderhandelinge.
- Poog om handelsgeskille op te los. ✓✓
- Identifiseer nie-nakoming van handelsooreenkomste. ✓✓
- Hou toesig oor die hersiening van nasionale handelsbeleide. ✓✓
- Werk saam met ander internasionale organisasies. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x2) (2)

**3.3.5 Bespreek die voordele daarvan dat Afrika 'n enkelmark word.**

- Dit sal lei tot 'n toename in intra-Afrikahandel as gevolg van verminderde handelsbeperkings tussen lande. ✓✓
- 'n Geleentheid vir Afrikalande om die aandeel van industriële goedere in produksie en uitvoere te verhoog. ✓✓
- Aansienlike geleenthede vir industrialisering en werkverskaffing. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2x2) (4)

**(10)**

**3.4 Onderskei tussen die *kritieke infrastruktuur* en *vaardigheids-ondersteunings programme* as aansporings wat deur die Suid-Afrikaanse regering gebruik word om industriële ontwikkeling te verbeter.**

**<u>Kritieke Infrastruktuurprogram (KIP):</u>**

- Die program bied finansiële ondersteuning of subsidies om groot ondernemings te help om noodsaaklike infrastruktuur wat vir hul bedrywighede benodig word, te ontwikkel en in stand te hou. ✓✓
- Die KIP-program fokus op besighede wat staatmaak op infrastruktuur soos vervoer-, elektrisiteits- en waterstelsels om produktiwiteit en ekonomiese groei te bevorder. ✓✓
- Befondsing word beskikbaar gestel sodra die projek voltooi is en voortbestaan. ✓✓
- Die program strek tot voordeel vir beide die openbare sektor en die privaatsektor. ✓✓
- Infrastruktuur word as krities beskou onder die program wanneer dit noodsaaklik is vir industriële ontwikkeling, óf omdat sulke ontwikkeling nie daarsonder moontlik sou wees nie óf nie doeltreffend sou funksioneer in die afwesigheid daarvan nie. ✓✓ (2x2) (4)

**<u>Vaardigheidsondersteuningsprogram (SSP):</u>**

- ’n Kontant-aansporingskema om groter belegging in vaardigheidsopleiding in die algemeen aan te moedig. ✓✓
- Stel nuwe, gevorderde vaardighede bekend tot die onmiddellike voordeel van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag. ✓✓
- Is daarop gemik om nuut aangestelde personeel op te lei. ✓✓
- Bykomende personeel moet aangestel word indien die besigheid uitbrei of ’n nuwe projek aangepak word. ✓✓
- Verskaf befondsing wat tot 50% van ’n maatskappy se opleidingsuitgawes dek, wat dit meer bekostigbaar maak om geskoolde werknemers te ontwikkel. ✓✓ (2x2) (4)

(Ken ’n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite of voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x4) **(8)**

**3.5 Hoe kan produksie-aanwysers, soos die BBP, gebruik word om die prestasie van ’n land se ekonomie aan te toon?**

- Die BBP kan gebruik word om ekonomiese uitset te meet, aangesien dit die totale waarde van goedere en dienste wat geproduseer word, bereken, wat ’n aanduiding van ekonomiese aktiwiteit gee. ✓✓
- Die BBP, wanneer dit as ’n aanwyser gebruik word, kan wys of die ekonomie uitbrei of krimp, wat die ekonomiese groei van ’n land monitor. ✓✓
- Die BBP laat die versamelde inligting toe om die ekonomiese prestasie tussen lande te vergelyk, veral wanneer dit aangepas word vir bevolking (BBP per capita). ✓✓
- Hoër BBP per capita dui oor die algemeen op ’n hoër lewenstandaard en beter toegang tot goedere en dienste in die land. ✓✓
- Beleidmakers gebruik BBP-data om fiskale en monetêre beleide te formuleer om die ekonomie te stabiliseer of te stimuleer. ✓✓
- Die BBP kan beleggersvertroue verhoog en buitelandse beleggings van ander lande lok en help met die verhoging van ekonomiese aktiwiteit in ’n land. ✓✓
- Die BBP kan per sektor (primêr, sekondêr en tersiêr) bereken word om te bepaal watter gebiede ekonomiese groei bevorder of benadeel. ✓✓

(Ken ’n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite of voorbeelde.)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 4x2) **(8)**

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

**4.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**4.1.1 Noem TWEE fases van sakesiklusse**

- Resessiefase ✓
- Voorspoedfase ✓
- Herstelfase ✓
- Depressiefase ✓

(Enige 2x1) (2)

**4.1.2 Hoe sal 'n groot toename in elektrisiteitskoste kleiner besighede in Suid-Afrika beïnvloed?**

'n Beduidende toename in elektrisiteitskoste kan klein besighede ernstig negatief beïnvloed, want dit sal lei tot 'n toename in bedryfsuitgawes en winsgewendheid verminder. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**(4)**

**4.2 DATA RESPONSE**

**4.2.1 Identifiseer die aantal munisipaliteite wat 'n verbetering in die 2022-2023 oudit getoon het.**

45 ✓ (1)

**4.2.2 Noem die huidige Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika soos genoem in die bostaande uittreksel.**

Tsakani Maluleke ✓ (1)

**4.2.3 Beskryf kortliks die term *openbare sektor mislukking*.**

Dit is wanneer die regering nie daarin slaag om die ekonomie en die hulpbronne onder sy beheer optimaal te bestuur nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**4.2.4 Verduidelik EEN rede vir die betrokkenheid van die openbare sektor by die bestuur van die ekonomie.**

- Om die toepassing van geskikte en geloofwaardige ekonomiese beleide te verseker. ✓✓
- Om openbare goedere vir alle lede van die samelewing te verskaf wat nie deur die privaatsektor voorsien word nie. ✓✓
- Om die omgewing te beskerm. As die omgewing blootgestel word aan ongevoelige en selfs sorgelose gebruik, kan dit beskadig word. ✓✓
  - Bv. die oseane vir visvang, die lug wat ons inasem; natuurlike landskappe. ✓
- Om 'n stabiele sosiale en wetgewende raamwerk te skep. ✓✓
- Om die toepassing van effektiewe en geloofwaardige ekonomiese en ontwikkelingsbeleide te verseker. ✓✓
- Om gelyke ekonomiese geleenthede vir almal te bevorder en die algehele lewenstandaard te verbeter. ✓✓
- Om die doeltreffende en billike toewysing van hulpbronne binne die ekonomie te waarborg. ✓✓
- Om anti-mededingende gedrag in die mark te bekamp. ✓✓
- Om belangrike makro-ekonomiese doelwitte te bereik, soos groei, stabiliteit en lae inflasie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**4.2.5 Gee 'n oorsig van stappe wat deur die regering geneem kan word om bestuursmislukking in die openbare sektor te verminder.**

- Deur mense aan te stel volgens vaardighede, bevoegdheidsvlakke en kwalifikasies. ✓✓
- Deur die verskaffing van leierskapswerkswinkels en opleiding. ✓✓
- Vestiging van duidelike aanspreeklikheidstrukture en gereelde prestasie-oudits in openbare instellings en staatsbeheerde ondernemings. ✓✓
- Verseker dat niemand se welstand ten koste van iemand anders verbeter word nie. ✓✓
- Die regering kan daarna streef om met privaatsektorkundiges saam te werk om bestuurspraktyke en doeltreffendheid in openbare dienste te verbeter. ✓✓
- Die regering moet meetbare teikens en sleutelprestasie-aanwysers stel om bestuurseffektiwiteit te monitor en te evalueer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x2) (4)

**(10)**

## 4.3 DATA RESPONSE

**4.3.1 Noem die sosiale aanwyser wat verband hou met die voltooiing van laerskool?**

Onderwys ✓ (1)

**4.3.2 Noem die ekonomiese deelnemer wat verantwoordelik is vir die verskaffing van nasionale onderwys.**

Regering ✓ (1)

**4.3.3 Beskryf kortliks die term *sosiale aanwyser.***

’n Sosiale aanwyser is ’n statistiese maatstaf wat die welstand en lewensgehalte van ’n bevolking weerspieël, soos gesondheid, onderwys, behuising en misdaadsyfers. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**4.3.4 Hoe kan die regering studielenings verminder en sodoende armoede en sosiale ongelykheid verminder?**

- Subsidiëring van hoër onderwys, wat meer studente in staat stel om verder te studeer. ✓✓
- Verhoging van die befondsing wat studente vir opvoedkundige behoeftes soos behuising en leermateriaal kan verkry. ✓✓
- Verseker dat leningterugbetalings in lyn is met die inkomste van die lener, wat die finansiële las op studente verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1x2) (2)

**4.3.5 Bespreek die direkte bydrae van onderwys tot die gehalte van ’n land se arbeidsmag.**

- Onderwys gee toegang tot hoër betaalde werk, wat dus die inkomstevlak en uiteindelik die lewenstandaard verhoog. ✓✓
- Wanneer die regering in onderwys belê, lei dit tot ’n meer produktiewe arbeidsmag in die land as gevolg van beter kennis en vaardighede ✓✓
- Belegging in onderwys kan lei tot verbeterde mededingendheid in die arbeidsmag en toenames in die rykdom van ’n land. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2x2) (4)

**(10)**

**4.4 Onderskei tussen die *lopende rekening* en die *kapitale oordragrekening* van die Betalingsbalans.**

**Die lopende rekening**

- Is die rekening in die BOP wat internasionale transaksies met betrekking tot produksie, inkomste en uitgawes aanteken. ✓✓
- Die lopende rekening is verdeel in vier onderafdelings, naamlik: handelsbalans, die diensterekening, die primêre inkomsterekening en die lopende oordragrekening. ✓✓
- By die berekening van die saldo op die lopende rekening word vyf groepe items in ag geneem, naamlik handelsware (goedere), goud, dienste, inkomste en oordragte. ✓✓
- Die handelsbalans is ’n rekord van invoere en uitvoere van handelsware (fisiese goedere). ✓✓
- Die diensterekening teken invoere en uitvoere van dienste (soos toerisme, konsultasie en vervoer) aan. ✓✓
- Die primêre inkomsterekening toon salarisse, rente (van beleggings) en winste wat tussen lande vloei, inkomste-invloei en inkomste-uitvloei. ✓✓ (2x2) (4)

**Die kapitaaloordragrekening**

- Die getoonde saldo weerspieël die netto bedrag van die kapitaal wat oorgedra is, hetsy negatief of positief. ✓✓
- Die saldo sluit transaksies in wat verband hou met die eienaarskap van vaste bates, toelaes en ander finansiële bewegings. ✓✓
- Dit kan byvoorbeeld ’n toelaag van ’n buitelandse NRO vir behuisingsprojekte in Suid-Afrika, skuldvergifnis, die waarde van persoonlike besittings en finansiële eise of laste van migrante insluit. ✓✓
- Aangesien dit nie altyd ’n beduidende bedrag met lopende en diensrekeningbetalings is nie, word die kapitaaloordragrekening nie altyd in die staat deur die SARB ingesluit nie. ✓✓ (2x2) (4)

(Ken ’n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite of voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x4) **(8)**

**4.5 Ontleed die voorkoming van storting as 'n argument ten gunste van proteksionisme.**

- Skep lae pryse in die mark waarmee plaaslike produsente dikwels nie kan meeding nie, wat plaaslike verskaffers bedreig. ✓✓
- Laat buitelandse firmas toe om die mark te oorheers, nie deur doeltreffendheid nie, maar deur prysbepalingstaktieke. ✓✓
- Langdurige storting kan binnelandse maatskappye uit die mark uitdryf, wat lei tot verlies aan produksievermoë en langtermyn afhanklikheid van invoer. ✓✓
- Regerings gebruik anti-stortingsheffings en -tariewe om die speelveld gelyk te maak en plaaslike besighede teen onbillike praktyke te beskerm. ✓✓
- Versterk die saak vir proteksionisme deur die behoefte te beklemtoon om binnelandse nywerhede teen roofpryse te beskerm en 'n gebalanseerde, mededingende ekonomie te handhaaf. ✓✓

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite of voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4x2) **(8)**

**[40]**

## TOTAAL AFDELING B: [80]

## AFDELING C

Beantwoord enige **EEN** van die twee vrae in hierdie afdeling in die **ANTWOORDBOEK**.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde antwoord.<br>• 'n Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat verband hou met die vraagonderwerp te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Vergelyk/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken.<br>**Puntetoekenning**<br>Kolpunte/feite in volsinne sal **twee punte** kry.<br>Opskrifte en subopskrifte sal elk **een punt** kry.<br>**'n Maksimum** van **agt punte** kan toegeken word vir opskrifte/lys van feite of voorbeelde. | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:**<br>Gee jou eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor.<br>'n **Maksimum** van **twee punte** kan toegeken word vir die blote lys van feite. | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br>• 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om reeds genoemde feite te herhaal.<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die bespreekte feite.<br>• Bykomende ondersteunende inligting om die bespreking/ontleding te staaf.<br>• 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig.<br>• Aanbevelings. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek volledig die kenmerke wat die voorspelling van sakesiklusse onderlê, sakesiklusaanwysers uitgesluit.** (26)

- **Evalueer die gebruik van die fiskale beleid deur die regering om veranderinge in die ekonomie te beperk.** (10)

**INLEIDING**

’n Sakesiklus kan beskryf word as opeenvolgende periodes van inkrimping en uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding.) (Maks 2)

**LIGGAAM: HOOFGEDEELTE**

**Ekstrapolasie ✓**

- Ekstrapolasie beteken om iets onbekend te skat gebaseer op die feite en inligting wat bekend is. ✓✓
- Historiese data word gebruik, waar voorspellings oor die toekoms gemaak word gebaseer op aannames wat verband hou met tendense. ✓✓
- Die uitbreiding van ’n tendens na die toekoms kan inligting verskaf oor wat waarskynlik sal gebeur. ✓✓
- As ’n besigheidsiklus deur ’n trog gegaan het en ’n oplewingsfase betree het, kan voorspellers voorspel dat die ekonomie in die maande wat volg, sal groei. ✓✓
- Ekstrapolasietegnieke word soms gebruik om toekomstige aandeelpryse te voorspel. ✓✓
- Om ekstrapolasie akkuraat toe te pas, moet die tendens van die bestaande data gevolg word om die ontleding verder uit te brei. ✓✓

**Amplitude ✓**

- Dit is die verskil tussen die ekonomiese uitset op sy hoogste (piek) en laagste (dal) punte, in vergelyking met die normale groeitendens. ✓✓
- Amplitude weerspieël die intensiteit van die opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteit. ✓✓
- Die amplitude toon twee dinge:
  - Die krag van die onderliggende kragte, ✓✓ bv. rentekoerse, uitvoere of verbruikersbesteding. ✓
  - ’n Groot amplitude tydens die opswaai dui op sterk onderliggende kragte – wat lei tot langer siklusse. ✓✓
- Die omvang van verandering: hoe groter die amplitude, hoe meer ekstreem die veranderinge wat kan plaasvind. ✓✓

- Tydens 'n opswaai:
  - werkloosheid kan daal van 20% tot 10% ✓✓
    - inflasie kan styg van 3% tot 6% (d.w.s. 100%) ✓✓
    - 'n surplus op die lopende rekening (BOP) kan verander van 'n surplus na 'n tekort ('n afname van 50%) ✓✓

**Tendens ✓**

- Die tendens dui die algemene rigting aan waarin die indekse wat in die sakesiklus gebruik is, beweeg. ✓✓
- Wanneer die ekonomie groei, is daar 'n opwaartse tendens, maar wanneer die ekonomie daal, is daar 'n afwaartse tendens. ✓✓
- Die tendens sal verander wanneer die tydreeksdata hul gedragspatrone van die verlede verander. ✓✓
- Weerstandspunte dui kragte in die ekonomie aan wat verhoed dat dit die prestasie herhaal – ongunstige kragte moet verander of verwyder word vir groei om vorige tendense te oorskry. ✓✓
- Die tendens het gewoonlik 'n positiewe helling omdat die produksiekapasiteit van die ekonomie mettertyd toeneem. ✓✓
- Kanale word gevorm wanneer produksiegroei opeenvolgende hoër draaipunte bereik (opwaartse kanaal). ✓✓

**Lengte ✓**

- Lengte word gemeet van piek tot piek of van trog tot trog. ✓✓
- Langer siklusse toon sterkte en korter siklusse toon swakheid oor ekonomiese aktiwiteite heen. ✓✓
- Siklusse kan oorskiet met die effek dat sommige saamgestelde aanwysers bo hul normale vlak kan styg. ✓✓

**Bewegende gemiddeldes**

- Deur 'n reeks gemiddeldes op verskillende punte langs 'n tydreeks te bereken, skep bewegende gemiddeldes 'n gladder kurwe. ✓✓
- Die metode help om veranderinge in data oor 'n spesifieke tydperk te ontleed. ✓✓
- Om die effek van skerp skommelinge in die sakesiklus uit te skakel, gebruik ekonome bewegende gemiddeldes om die sakesiklus glad te maak sodat dit meer soos 'n reguit of effens geboë lyn lyk. ✓✓

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/lys van feite of voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)

## ADDISIONELE DELE

**Evalueer die gebruik van fiskale beleid deur die regering om veranderinge in die ekonomie te beperk.**

**Negatiewe argumente**

- Die vermindering van besteding en die verhoging van belasting verminder totale vraag, wat BBP-groei kan vertraag en sakewinste kan verminder. ✓✓
- Werkverliese in die openbare sektor of verminderde infrastruktuurbeleggings kan lei tot werkverliese, beide direk en indirek. ✓✓
- As gevolg van die ongewildheid van belastingverhogings en bestedingsverlagings, vind regerings dit dikwels moeilik om inkrimpingsbeleide te implementeer of te handhaaf.✓✓
- Fiskale beleidsveranderinge neem tyd om te implementeer en in werking te tree, teen die tyd dat hulle die ekonomie beïnvloed, het die ekonomiese situasie dalk reeds verander. ✓✓
- Oormatige inkrimpende beleid kan die ekonomie in ’n resessie dompel, veral as verbruikers- en sakevertroue reeds swak is. ✓✓

**Positiewe argumente**

- Die vermindering van owerheidsbesteding en/of die verhoging van belasting verlaag totale vraag, wat help om inflasie te verlaag. ✓✓
- Hoër belasting en laer besteding kan die regering se fiskale posisie verbeter deur die begrotingstekort en nasionale skuld te verminder. ✓✓
- Inkrimpende fiskale maatreëls kan belegger- en verbruikersvertroue verhoog, veral as inflasie as onbeheerst beskou word. ✓✓
- Tydens ekonomiese oplewings kan te veel aanvraag die ekonomie oorverhit; fiskale beheer help om ekonomiese groei te stabiliseer en borrels te voorkom. ✓✓
- bv. in behuising of bates. ✓

(Ken ’n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 5x2) (10)

## GEVOLGTREKKING:

Dit is moeilik om akkurate ekonomiese voorspellings te doen, want verskeie faktore beïnvloed die dinamika van die ekonomie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante gevolgtrekking.) (Maks 2)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek volledig die gebruik van fiskale beleid in die aanvraag-kantbenadering om ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder.** (26)
- **Evalueer die impak van 'n gebrek aan direkte buitelandse belegging op die ekonomiese groei patrone van ontwikkelende lande.** (10)

**INLEIDING**
Die aanvraagkantbenadering behels diskresionêre veranderinge in monetêre en fiskale beleide met die doel om die vlakke van totale aanvraag en aanbod te verander. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding.) (Maks 2)

**LIGGAAM: HOOFGEDEELTE**

**FISKALE BELEID**
- Fiskale beleid word gedryf deur die Departement van Finansies of Nasionale Tesourie. ✓✓
- Die beleid is daarop gemik om die regering se politieke en ekonomiese doelwitte te fasiliteer. ✓✓
- Suid-Afrika se fiskale beleid word in die praktyk toegepas deur die begrotingsproses. ✓✓
- Die hoofdoel van fiskale beleid is om makro-ekonomiese groei en werkverskaffing te stimuleer, asook om herverdeling van welvaart te verseker. ✓✓

**Die volgende instrumente word deur die fiskale beleid gebruik om welvaart te herverdeel:**

1. **Progressiewe persoonlike inkomstebelasting.** ✓
- Hoër inkomsteverdieners word teen hoër belastingkoerse belas. ✓✓
- Progressiewe belasting word gebruik om maatskaplike ontwikkeling te finansier. ✓✓
- Die armes trek meer voordeel as diegene met hoër inkomste. ✓✓

2. **Welvaartsbelasting** ✓
- Eiendomme word belas volgens hul markwaardes. ✓✓
- Oordragkostes word betaal wanneer eiendomme gekoop word. ✓✓
- Sekuriteite (aandele en effekte) word belas wanneer dit verhandel word. ✓✓
- Kapitaalwinsbelasting word gehef op winste met die verkoop van kapitaalgoedere. ✓✓
  - bv. eiendomme, aandele ✓
- Boedelbelasting word betaal op die boedels van die oorledene(s). ✓✓
- Welvaartbelasting word gebruik om ontwikkelingsuitgawes te finansier wat die armes meer gereeld bevoordeel. ✓✓

**3. Kontantvoordele ✓**

- Ouderdomspensioene, ongeskiktheidstoelaes, kinderonderhoud en werkloosheidsversekering is kontanttoelaes. ✓✓
- Kontantvoordele staan ook bekend as maatskaplike sekerheidsbetalings. ✓✓

**4. Voordele in natura ✓**

- Dit sluit in die voorsiening van gesondheidsorg, onderwys, skoolmaaltye, beskerming. ✓✓
- Wanneer gebruikersfooie gehef word, betaal arm of lae-inkomsteverdieners minder of niks. ✓✓
- Beperkte hoeveelhede gratis elektrisiteit en water word voorsien. ✓✓

**5. Ander herverdelingsmetodes ✓**

- Openbare werke-programme, bied werksubsidies en ander kontant- en finansiële voordele soos opleiding, finansiering en uitvoeraansporings. ✓✓
  - bv. die Strategiese Geïntegreerde Projekte (SIP) ✓

**6. Grondrestitusie en grondherverdeling ✓**

- Grondrestitusie is die terugbesorging van grond aan diegene wat dit verloor het as gevolg van diskriminerende wette van die verlede. ✓✓
- Grondherverdeling fokus op grond vir residensiële gebruik (dorp) en produksie (plaas) vir voorheen benadeelde groepe. ✓✓
- Die geld vir restitusie- en herverdelingsprogramme word in die hoofbegroting voorsien. ✓✓

**7. Subsidies op eiendomme ✓**

- Subsidies help mense om eienaarskap van vaste residensiële eiendomme te verkry. ✓✓
  - bv. die regering se behuisingsubsidieskema verskaf befondsing aan alle mense wat minder as R3 500 per maand verdien. ✓

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/lys van feite of voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Evalueer die impak van 'n gebrek aan direkte buitelandse belegging op die ekonomiese groei patrone van ontwikkelende lande.**

**Positiewe argumente**

- In sommige gevalle, as buitelandse direkte beleggings afwesig is van die ekonomie, is daar minder risiko dat buitelandse maatskappye hulpbronne en arbeid ontgin sonder om die plaaslike ekonomie te bevoordeel. ✓✓
- Minder buitelandse direkte beleggings kan regerings en plaaslike besighede aanmoedig om meer in die plaaslike nywerhede te belê, wat selfstandigheid bevorder. ✓✓
- Minder buitelandse direkte beleggings verminder die hoeveelheid winste wat verdien en na die buiteland teruggestuur word, wat gevolglik meer kapitaal in die land agterlaat. ✓✓
- Lande kan volle beheer oor hul hulpbronne, nywerhede en ekonomiese besluite behou, wat afhanklikheid van buitelandse belange verminder. ✓✓
- 'n Gebrek aan buitelandse beleggings kan plaaslike nywerhede aanmoedig om te innoveer, meer mededingend te word en onafhanklik te floreer. ✓✓

**Negatiewe argumente**

- Sonder buitelandse direkte beleggings kan lande sukkel om grootskaalse ontwikkelings- en groeiprojekte te finansier, aangesien buitelandse direkte beleggings broodnodige kapitaal vir infrastruktuur, produksie en tegnologieë lok. ✓✓
- 'n Gebrek aan Buitelandse Direkte Beleggings beteken dat lande nie voordeel trek uit die gevorderde tegnologie en vaardighede wat met sulke beleggings geassosieer word nie; plaaslike nywerhede kan agterbly in produksie en innovasie. ✓✓
- Buitelandse Direkte Beleggingsprojekte skep werksgeleenthede en bevorder plaaslike werkverskaffing; daarsonder is daar beperkte geleenthede om nuwe werksgeleenthede te skep. ✓✓
- Buitelandse beleggers bring dikwels globale markskakels in; daarsonder kan plaaslike besighede dit moeilik vind om mee te ding en deel te word van internasionale voorsieningskettings. ✓✓
- Minder Buitelandse Direkte Beleggings plaas druk op openbare finansies aangesien dit die belastingbasis vir die land verminder. ✓✓

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 5x2) (10)

**GEVOLGTREKKING:**

Globalisering is nodig om groei te verseker, maar dit moet gekombineer word met strategiese interne doelwitte en meganismes om te verseker dat alle deelnemers voordeel daaruit trek. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante gevolgtrekking.) (Maks 2)

**[40]**

## TOTAAL AFDELING C: [40]

## GROOTTOTAAL: [150]

© SACAI KOPIEREG